PREDIKANTESAKE BYLAAG 2.1

ACRP
Association of Christian Religious Practitioners

PO Box 12424
Queenswood
0121

E-mail: info@acrpafrica.com
Website: www.acrpafrica.com
Cell: 073 557 4716

Reg No: NPC 2015 / 319357 / 08

10 Mei 2019

Die Voorsitter
NG Kerk Algemene Taakspan Predikantesake
Posbus 13528
HATFIELD
0028

Aandag: Dr Roelf Opperman

FORMALISERING VAN DIE VERHOUDING TUSSEN NG KERK EN ACRP

My skrywe volg op ons vorige kommunikasies oor bogenoemde saak.

Soos u bewus is, is ACRP teen die einde van 2017 formeel deur die SA Kwalifikasie-Owerheid (SAQA) kragtens die Nasionale Kwalifikasieraamwerkwet (Wet 67 van 2008) as professionele liggaam vir *godsdienspraktisyns* (predikante / pastors en ander bedieningsleiers) in die Christelike tradisie erken en geregistreer. Verteenwoordigers en strukture van die NG Kerk was op verskeie maniere betrokke by die proses wat hiertoe gelei het. Met die bereiking van hierdie punt het die tyd aangebreek dat die formele verhouding tussen die NG Kerk en ACRP finaal oorweeg en bevestig moet word.

Aangeheg by hierdie skrywe is ‘n bylaag wat sake wat met die formalisering van die verhouding verband hou, uiteensit. Daar word kortliks gekyk na die NG Kerk se historiese betrokkenheid by die ontwikkeling van die professionele liggaam, en gereflekteer oor die wedersydse waarde wat ‘n formele verbintenis tussen die NG Kerk en ACRP mag inhou. Verder word verwys na enkele onsekerhede wat blykbaar by sommige oor die konsep van “professionalisering” bestaan. ‘n Paar lyne word getrek met betrekking tot moontlike punte wat in ‘n formele ooreenkoms tussen ACRP en die NG Kerk opgeneem sou kon word. Die memorandum word afgesluit met ‘n aanbeveling, gegrond op die inligting wat verskaf is.

‘n Kernpunt in die beredenering van die saak is die besef dat die NG Kerk nie in die eerste plek self (na binne) die professionaliseringsdienste wat deur ACRP as professionele liggaam gebied word, benodig nie. Die betrokke dienste sluit in: professionele (of dan amps-) erkenning, goeie opleiding, voortgesette professionele ontwikkeling (VBO), goeie etiese standaarde, goeie en deursigtige bestuurstandaarde, ensomeer. Dit alles is reeds binne die NG Kerk in plek, en word deur ACRP erken. Deelname deur die NG Kerk aan die professionele liggaam gaan oor iets anders. Dit bied naamlik die geleentheid om deel te wees van ‘n omvattende proses van leierskapontwikkeling en die implementering van goeie bedieningstandaarde en -praktyke oor kerkgrense heen, wat die vinnig groeiende getal onafhanklike kerke insluit. Hierdie is ‘n unieke nuwe geleentheid vir Sinodes, Ringe en Gemeentes tot diensbaarheid en missionale betrokkenheid in Suid-Afrikaanse gemeenskappe, met groot potensiaal vir die innerlike genesing van gemeenskappe en herstel van gebroke verhoudings in ons land. Die meegaande dokument gee meer inligting hieroor.

U aandag aan hierdie sake word waardeer. Met vriendelike groete

Dr JP (Hannes) van der Walt
ACRP Algemene Bestuurder

AGTERGROND TOT DIE GESPREK TUSSEN ACRP EN DIE NG KERK

In hierdie bylaag word sake wat met die formalisering van die verhouding tussen die NG Kerk en die *Association of Christian Ministry Practitioners (ACRP)* verband hou, bespreek, en word 'n voorstel gemaak oor moonlike punte van ooreenkoms tussen die partye. 'n Algemene inligtingsdokument oor ACRP word afsonderlik bygevoeg.

1. AGTERGROND MET BETREKKING TOT DIE DAARSTELLING VAN 'N PROFESSIONELE LIGGAAM VIR "GODSDIENSPRAKTISYNS"

Die skepping van ACRP as professionele liggaam vir godsdienspraktisyns spruit voort uit 'n (internasionaal-unieke) geleentheid wat die Suid-Afrikaanse Regering geskep het vir die daarstelling van professonele liggame vir 'n wye verskeidenheid van beroepsgroepe kragtens 'n wet van die Parlement. Tot en met 2008 was daar net enkele beroepe wat die geleentheid gehad het om professionele liggame op grond van 'n wet te skep, soos geneeskundige dienste, ingenieurs, ouditeurs en enkele ander. Deur die promulgering van die Nasionale Kwalifikasieraamwerkwet (Wet No 67 van 2008, hierna afgekort NKR Wet) is hierdie voorreg uitgebrei na verskeie ander professies, soos geïdentifiseer in die dokument getitel *Organising Framework of Occupations (OFO)*. In die OFO, wat gesamentlik opgestel is deur SA Kwalifikasie-owerheid (SAQA) en die Departement van Arbeid, word *godsdienspraktisyns* as 'n groep geïdentifiseer aan wie die geleentheid gebied word om 'n professionele liggaam kragtens die Wet te skep, wat formeel erken en ondersteun sal word deur die SAQA.

Die NKR Wet skep die geleentheid vir 'n beroep om ***deur verteenwoordigers van die beroep self*** ('n sg. "*community of expert practitioners*") 'n eie professionele liggaam daar te stel - met 'n bestuur wat verkies word uit die beroepsgroep self, en met SAQA as begeleidende staatsinstelling. Die hoofoogmerk met 'n professionele liggaam is om die professionalisering van 'n beroep te verseker deur die volgende te doen:

- Die professionele omgewing te beskryf en te "kaarteer" aan die hand van generiese beroepskategorië ("*professional designations"*) wat formeel by SAQA geregistreer word.
- Die generiese praktykbestek (*"scope of practice"*) van die onderskeie kategorieë te omskryf.
- Standaarde vir die erkenning en toekenning van 'n kategorie te omskryf.
- 'n Generiese beroepskategorie ("*designation*") toe te ken aan persone wat aan die standaarde en vereistes voldoen.
- Te verseker dat formele opleiding ***vir alle kategorië*** waaruit die beroepsgroep bestaan, ***beskikbaar, toeganklik en bekostigbaar*** sal wees.
- Dat generiese goeie praktyk- en etiese standaarde deur die beroep self daargestel en toegepas sal word.
- Dat prosesse vir formele voortgesette professionele ontwikkeling (*"Continued Professional Development", CPD*) aan almal binne die beroepsgroep beskikbaar sal wees en toegepas sal word.
- Dat erkenning van vorige leer (*Recognition of Prior Learning, RPL*) vir die toekenning van generiese beroepskategorieë deur die professionele liggaam toegepas sal word.

As professionele liggaam wat deur verteenwoordigers van die beroepsgroep (uit kerke, kerknetwerke, opleidingsinstellings, ander bedienings) tot stand gebring is en kragtens die NKR Wet deur SAQA erken word, het ACRP nou die verantwoordelikheid om hierdie take uit te voer in oorleg met die kerke, opleiers en bedieningsorganisasies. Samewerking bly vrywillig - kerke en bedieningsorganisasies besluit self of hulle aan hierdie proses wil deelneem. Die wyse van samewerking word beskryf in die vorm van 'n Memorandum van Ooreenkoms of Verstandhouding (MvO of MvV) tussen die partye.

SAQA se vereiste is dat daar nie 'n "proliferasie" (onbeperkte toename) van beroepsliggame sal wees nie. Net een liggaam word normaalweg per beroepsgroep toegelaat. In die geval van godsdienspraktisyns het SAQA die toegewing gemaak dat verskillende godsdienste (Christen, Islam, Hindu, ens) elk 'n eie liggaam mag skep - maar binne een godsdiensgroep word net een wetlik-erkende professionele liggaam toegelaat. ACRP is die liggaam wat deur SAQA erken word vir die Christen-groep. (Geen ander soortgelyke liggame is tot op datum vir enige van die ander godsdiensgroepe geskep nie.)

Meer inligting oor die doel, verantwoordelikhede en werkswyse van ACRP as SAQA-ondersteunde professionele liggaam word in die meegaande inligtingsdokument verskaf.

2. DIE NG KERK SE BETROKKENHEID BY DIE SKEPPING VAN ACRP AS SAQA-ONDERSTEUNDE PROFESSIONELE LIGGAAM

ACRP het tot 'n baie groot mate ontstaan deur inisiatiewe uit die NG Kerk-geledere. Daar is twee hoofstrome wat hierin saamgeloop het. Die NG Kerk se betrokkenheid by die twee strome word vervolgens bespreek, waarna die kerk se rol in befondsing van die ontwikkelingsprosesse uitgelig word. Die afdeling sluit met 'n kort evaluasie van die NG Kerk se historiese betrokkenheid by die ontwikkeling van ACRP as professionele liggaam.

2.1 DIE STROOM WAT VERBAND HOU MET 'N WYE BEHOEFTE AAN BEDIENINGSOPLEIDING IN AFRIKA

Die een stroom wat tot die skepping van ACRP as professionele liggaam gelei het, het ontstaan uit die gesamentlike inisiatief van die Sentrum vir Konstekstuele Bediening (SKB) by die UP Teologie Fakulteit en Bybelmedia (BM) wat die eienaar van die Nehemia Bybelinstituut (NBI) is, in samewerking met Hugenote Kollege (HK). Hierdie drie entiteite ***verteenwoordig op 'n besonderhede wyse die missionale denke*** in die NG Kerk, in die sin dat dit uit die NG Kerk opgekom het maar gefokus is op die opleiding van geestelike leiers baie wyer as die grense van die NG Kerk self.

Die opleiding en professionalisering van leiers in die vinnig-groeiende sektor van onafhanklike Afrika-kerke maak 'n groot deel van hierdie wyer fokus uit. Na raming is daar meer as 200,000 leiers in die onafhaklike kerksektor in Suid- Afrika is, en iewers tussen een- en twee-miljoen in sub-Sahara Afrika. Vir hierdie sektor is daar feitlik geen formele, geakkrediteerde en kwaliteitgekontroleerde bedieningsopleiding beskikbaar nie. Dit geld vir ongeveer 90% tot 95% van hierdie leiers. SKB en Bybelmedia / NBI met die steun van HK het navorsing gedoen oor hoe om op hierdie behoefte te reageer. Dit het ons in 2012 via die Universiteit van Pretoria se direkteur van akademiese ontwikkeling by SAQA uitgebring, wat 'n roete om die dilemma op te los, aangedui het.

Die roete het behels: skep 'n professionele liggaam kragtens die NKR Wet wat die professionele omgewing en die behoefte aan bedieningsopleiding in sy totaliteit kan kaarteer aan die hand van die professionele kategorieë (*"professional designations"*) waarna tevore verwys is; dentifiseer sterk punte en leemtes met betrekking tot formele, geakkrediteerde opleiding; en ontwikkel met die steun van die opleidingsowerhede (in besonder die nuut-gestigte *Quality Council for Trades and Occupations, QCTO*) nuwe kategorië en vlakke van opleiding om gapings wat geïdintifiseer is, met geakkrediteerde opleiding te vul. Terselfdertyd bied die daarstelling van 'n professionele liggaam ook die geleentheid om 'n wye konsensus te ontwikkel oor minimum etiese standaarde in geestelike bedienings, oor verantwoordbaarheid ("accountablility") asook oor voortgesette professionele ontwikkeling (CPD). Hierdie geleentheid het sin gemaak binne 'n konteks waar honderde-duisende geestelike leiers nie toegang het tot geakkrediteerde opleiding nie, en waar probleme bestaan met etiese optrede en verantwoordbaarheid in kerke en geestelike bedienings (soos bevestig deur die onlangse verslae van die CRL Kommissie).

Aangesien geen bestaande liggaam in Suid-Afrika deur SAQA gevind is om inisiatief in hierdie verband te neem nie[1], is die UP/SKB, BM/NBI en HK-groep versoek om inisiatief te neem om 'n professionele liggaam vir die godsdiensomgewing te skep (met die fokus op die Christen-groep). Die proses het behels dat daar wyd gekonsulteer moes word en dat medewerkers uit die breë kerklike, bedienings- en opleidingsgeledere by die proses ingeskakel moes word, met verteenwoordiging deur formele (historiese) sowel as onafhanklike kerke.

Te midde hiervan was daar '***n sterk visionêre en diensbaarheids-teenwoordigheid uit NG en VGK-***

[1]Volgens 'n mededeling van SAQA se destydse direkteur van registrrasie en erkenning was die SARK genader hieroor. SARK was egter nie in die posisie om hierdie taak op te neem nie, en geen ander instelling het in verband hiermee na vore getree nie.

geledere, nie slegs via SKB, BM/NBI en HK nie, maar ook op NG Algemene Sinodale vlak (Dr Gustav Claassen en ander kollegas was deurentyd betrokke), die fakulteite van die Universiteit van Stellenbosch was intensief betrokke (o.a in die persoon van Prof Nico Koopman wat aktief aan die konsultasie- en stigtingskonferensies deelgeneem het), Universiteit van die Vrystaat (Dr Gerhard Botha as verteenwoordiger, met aktiewe steun uit die dekaanskantoor), en verskeie ander.

2.2 DIE STROOM VIA DIE PASTORALE BERADINGSPROFESSIE

Die pastorale en geestelike beradingsprofessie het vir dekades 'n behoefte ervaar aan professionele erkenning. Die redes sluit in dat pastorale en geestelike berading erken moet word op 'n vlak wat vergelykbaar is met die erkenning en beskerming wat vir professionele persone in die die sielkundige en psigiatriese professies geld. Vir hierdie doel is die *SA Association of Pastoral Workers (SAAP)* in die vroeë negentigerare gestig. Ook hier was sterk leiding uit NG geledere - in latere jare o.a. deur wyle prof Kallie Hugo, en na sy afsterwe Dr Andre de la Porte en Dr Tertius Erasmus. Prof Daniel Louw was naas vele andere ook 'n sterk rolspeler in die uitbouing van SAAP om die rol van 'n professionele liggaam te kan speel.

Na onsuksesvolle pogings deur SAAP om die ideaal van formele professionele erkenning via bestaande professionele liggame te kry (onder andere via die Raad op Gesondheidsprofessies - *Health Professions Council of SA, HPCSA*), het die geleenthede wat die NKR Wet van 2008 bied, geblyk die roete te wees om te volg. SAAP het dus aan SAQA te kenne gegee dat 'n aansoek om erkenning as professionele liggaam ingedien gaan word. SAQA het in reaksie hierop geoordeel dat die SAAP aansoek hoofsaaklik uit Christen geledere kom, en het versoek dat die SAAP-aansoek met die aansoek uit die geledere van bedieningsopleiding moet saamvloei.

Die uiteinde hiervan was dat ACRP as oorkoeplende professionale ligaam tot stand gekom en deur SAQA erken is, met SAAP wat tot die *Council for Pastoral and Spiritual Councelors (CPSC)* binne ACRP omgebou is, en die opleidings- en algemene bedieningsbelange wat binne ACRP deur die *Council for Ministry Training Practitioners (CMTP)* en *Council for General Ministry Practitioners (CGMP)* onderskeidelik hanteer word. (Die ACRP-struktuur word grafies in die meegaande diagram gewys.)

2.3 VOORSIENING VAN FONDSE EN BRONNE VIR DIE PROSES

In aansluiting by voorgaande moet ook genoem word dat die finansiële steun vir die voorgaande prosesse hoofsaaklik deur Bybelmedia (dus uit NG Kerk-verwante bronne) verskaf is. Voorts kom die persone wat diens doen as voltydse personeel, tot 'n groot mate as vrywilligers, hoofsaaklik uit NG geledere.

Verskeie van die ACRP-bestuurslede kom uit NG geledere. Dr Pieter Fourie, vorige Hoof Uitvoerende Beampte van Bybelmedia het gedurende die vorige direkteurstermyn van drie jaar as voorsitter van die direksie gedien, met Dr Tertius Erasmus as ondervoorsitter. Dr Erasmus dien steeds as ondervoorsitter, en ook as voorsitter van ACRP se *Council for Pastoral and Spiritual Counselors*. Ds Leon Venter, huidige Bybelmedia hoof is met die uittrede van Dr Fourie as direkteur van ACRP verkies.

Hoewel daar 'n sterk NG Kerk-verwantskap bestaan, is ACRP nie 'n NG Kerk-instrument nie. Daar is wye ondersteuning en samewerking uit die gemeenskap van kerke en Christelike bedienings in Suid-Afrikan en verder Noord. Dit blyk onder andere uit die samesteling van die ACRP-bestuur (diagram aangeheg), en uit die feit dat die proses van lede-affiliasie oor die totale kerklike spektrum gebeur.

Die proses van werwing van affiliate vir die CGMP en CMTP het slegs onlangs begin, maar daar word reeds baie groot belangstelling ervaar en aansoeke verkry uit die geledere van ander formele sowel as informele kerke. CPSC het reeds ongeveer 500 geregistreerde affiliate van wie 'n redelike persentasie 'n band met die NG Kerk het, en CGMP en CMTP het gesamentlik reeds ongeveer 400 affiliate vanuit 'n wye verskeidenheid kerklike groeperings.

2.4 EVALUASIE

Uit voorgaande blyk dat die NG Kerk op verskeie maniere en vlakke intensief by die skepping en uitbouing van ACRP en sy drie professionele rade betrokke was en steeds is. Die betrokkenheid is tot

‘n groot mate vanuit ‘n motief van diens aan die breë Afrika-kerkgemeeskap gemotiveer, en as sulks is dit ‘n ***besondere uiting van die NG Kerk se missionale visie en verbintenis***. Terselfdertyd hou die uitkoms van die proses ook interne voordele in vir die NG Kerk self, waarna in die volgende afdeling verwys word.

3. DIE WEDERSYDSE WAARDE WAT ‘N FORMELE VERBINTENIS TUSSEN DIE NG KERK EN ACRP INHOU

Die bestuur van ACRP glo dat daar wedersydse voordele vir die NG Kerk en ACRP in ‘n formele ooreenskoms tussen die twee partye sal wees.

Die NG Kerk se deelname aan ACRP se prosesse sal ‘n wesenlike bydrae lewer tot die verwesenliking van die die organisasie se bestaansrede, naamlik die professionalisering van kerkleierskap in die breedste sin van die woord, in Suid-, Suider en sub-Sahara Afrika. Die volgende is van belang:

- Formele deelname deur die NG Kerk sal ‘n sterk bydrae lewer om vertroue van ander kerke en bedienings oor ‘n breë front in ACRP se professionaliseringsdienste te versterk en samewerking aan te moedig.
- Vanuit ‘n mentorskap- en ontwikkelingsoogpunt kan die omvattende opleidings- en bestuursvaardighede en -kapasiteit waaroor die NG Kerk op Gemeente- Ring-, Sinodale en Algemeen-sinodale vlak beskik, ‘n sterk bydrae lewer tot die oogmerk van professionalisering van kerke en bedienings in die minder formele kerke-omgewing. Aktiewe deelname aan ACRP se strukture en prosesse skep kanale waardeur ‘n mentorskap- en ontwikkelingsrol gemaklik en effektief vervul sal kan word. (Hier word o.a. gedink aan die geleentheid tot die plaaslike toepassing van die professionele liggaam- verwante opleiding-, CPD- en RPL-prosesse deur NG-strukture op Sinodale, Ring en Gemeentevlak.)
- ACRP se prosesse om leiers van informele kerke op te lei en by te staan met professionalisering sal tot ‘n groot mate staatmaak op steun deur formele plaaslike kerke, veral in die vorm van goed-opgeleide leraars en ander bedieningskundiges wat as dosente, fasiliteerders, mentors, assesors, modereerders, evalueerders en toesighouers (“invigilators”) in die plaaslike gemeenskappe ‘n bydrae sal kan lewer. Plaaslike NG gemeentes wat bereid is om binne die gestruktureerde raamwerk wat ACRP bied, steun te gee met die ontwikkeling van plaaslike leiers sal ‘n waardevolle bydrae lewer tot die ontwikkeling van effektiewe bedienings in *township*- en plattelandse gemeenskappe.
- Affiliasie van NG Kerk-leraars by ACRP sal ‘n bydrae lewer om die medium- tot langtermyn lewensvatbaarheid van ACRP te ondersteun.

Vir NG Kerk is daar direkte voordele wat uit ‘n formele verhouding met ACRP kan voortspruit. Die volgende is voorbeelde:

- Die gestruktureerde raamwerk vir leierskapontwikkeling (professionalisering) in die informele kerkomgewing wat deur ACRP se prosesse geskep word, bied ‘n ***unieke nuwe geleentheid en platvorm aan formele kerke vir effektiewe missionale betrokkenheid in gemeenskappe***. Die “gesag” wat die NKR Wet en SAQA-erkenning aan ACRP gee in sy fokus op professionele ontwikkeling maak nuwe deure oop vir ACRP-medewerkers wat ‘n visie het vir die genesing en opheffing van gemeenskappe deur leierskapontwikkeling.
- Deur ‘n formele verbintenis met ACRP se professionaliseringsdienste wat oor kerkgrense heen strek, word die NG Kerk ingeskakel by ‘n wyer professionaliseringstradisie in Suid- Afrika. Dit kan ‘n positiewe invloed hê op die wyse waarop die konsep van professionalisering deur predikante van die kerk self geïnternaliseer word. As ‘n persoon besef dat sy of haar deelname aan ‘n professionaliseringsproses vir andere tot voorbeeld en inspirasie dien, kan dit baie help om die NG Kerk se se eie professionaliseringsprosesse te versterk.
- ACRP is reeds op versoek van die Algemene Kuratorium in adviserende hoedanigheid by die Kuratorium se werksaamhede betrokke. Dit skep ‘n skakel met die opvoedkundig-regulatoriese omgewing, en belig die verskeidenheid van nuwe opsies vir die formalisering van opleiding en professionele erkening. (Die nuwe ACRP-gefasiliteerde bedieningskwalifikasies op relatief laer vlakke wat in oorleg met die QCTO ontwikkel is, is reeds deur Hugenot Kollege op die agenda van Algemene Kuratorium. Dit open geleenthede vir formeel geakkrediteerde opleiding wat van

toepasing is op die uitgebreide vlakke van bediening wat tans deur die NG Kerk ondersoek word.)

4. OPKLARING VAN ENKELE ONSEKERHEDE OOR DIE GEBRUIK VAN DIE KONSEP VAN "PROFESSIONALISERING"

Uit gesprekke en mededelings blyk dit dat die konsep van "professionalisering", wat die kernbesigheid van 'n professionele liggaam is, vir sommige predikante en ander persone in geestelike bedienings vreemd is, en self ongemak skep binne die kerlike / geestelike manier van werk. Daar is sommige wat meen dat *kerk* en 'n *professionele beroepsliggaam* nie goed saamgaan nie.

By oorweging van moontlike besware hieroor behoort in ag geneem te word dat "professionalisering" bloot 'n tegniese term is wat in beroepsomgewings gebruik word om ***uitnemendheid, bekwaamheid, en 'n strewe na beste praktyk, goeie etiese standaarde en verantwoordbaarheid ("accountability") aan te dui***. Dit is konsepte waarmee die kerklike gemeenskap vertroud is en waaraan dit toegewy behoort te wees.

Die term "professionaliseer" is nie "minder geestelik" as ander terme wat in die kerklike omgewing gebruik word nie, soos byvoorbeeld "legitimasie", "ordening", "kerkreg" en "kerkorde". Die betekenis van terme word binne die konteks van gebruik aan 'n woord toegeken. Wanneer die term "professionalisering" as tegniese term uit die breër beroepsomgewing dus binne die kerklike en bedieningskonteks te gebruik, word die betekenis en implikasies van die term bepaal deur die karakter en eienskappe van hierdie konteks.

Terwyl voorgaande as basiese uitgangspunt oor die gebruik van terme behoort te geld, is dit tog wel interessant om vir 'n oomlik na te dink oor die oorsprong van begrippe "professie", "professioneel" en "professionalisering". Dit hou onder andere verband met die middel-Engelse woord wat verwys het na die aflê van 'n eed wanneer by 'n godsdienstige orde aangesluit is. Dit kan teruggevoer word na die Latyn *professio / profiteri*, "openlik verklaar" (vergelyk ook die Engelse "to profess"). Teen hierdie agtergrond gee die Merriam-Webster-woordeboek die volgende betekenisse van "profession": "*(1) the act of taking the vows of a religious community; (2) an act of openly declaring or publicly claiming a belief, faith, or opinion / protestation; (3) an avowed religious faith; (4) a calling requiring specialized knowledge and often long and intensive academic preparation; (5) a principal calling, vocation, or employment; (6) the whole body of persons engaged in a calling.*". Hierdie verwysings bevestig dat die terme "professioneel" en "professionaliseer" heel gemaklik binne 'n "geestelike omgewing" gekontekstualiseer kan word en met 'n toepaslike betekenis gevul kan word.

Uiteindelik gaan dit, soos reeds genoem, oor *uitnemendheid, bekwaamheid, en 'n strewe na beste praktyk, goeie etiese standaarde en verantwoordbaarheid (accountability)*. Hiermee behoort kerke en ander geestelike bedienings hulself volkome te kan identifiseer.

5. VOORSTEL / VERSOEK

Die versoek / voorstel is dat 'n formele Memorandum van Verstandhouding (MvV) tussen die NG Kerk en ACRP aangegaan sal word om 'n wedersydse verhouding te skep en te formaliseer. Die volgende is punte wat moontlik in 'n ooreenkoms opgeneem kan word:

- Dat die NG Kerk steun uitspreek vir die ACRP-visie met betrekking tot die professionalisering van kerkleierskap in die breë sin van die woord, in Suid-, Suider en sub-Sahara Afrika; en vir die prosesse wat tot bereiking van hierdie visie lei.
- Dat predikante en ander bedieningsleiers van die NG Kerk via die Algemene Taakspan Predikantesake by ACRP geaffilieer word, in ooreenstemming met die struktuur van die generiese beroepskategorieë ("professional designations") wat formeel by SAQA geregistreer is; en dat 'n bekostigbare affiliasie-tarief met ACRP onderhandel word.
- Dat die onderlinge erkenning en steun tussen ACRP en die NG Kerk in 'n MvV uitgespel sal word. Voorsiening kan onder andere vir die volgende gemaak word:

    - Die wyse waarop rolle wat tipies is van 'n professionele liggaam, maar wat deur die NG Kerk ten opsigte van haar eie predikante en ander bedieningsleiers uitgevoer word,

formeel deur ACRP erken sal word.

- Steun deur ACRP as rolspeler binne die opvoedings-regulatoriese omgewing, aan die NGKerk se prosesse om nuwe vlakke van opleiding wat vir die kerk se eie behoeftes nodig is, te ontwikkel, te akkrediteer en te implementeer.
- Die skepping van verbande tussen ACRP se *CPD*-programme en die NG Kerk se VBO-programme, tot verryking van die NG Kerk se eie programme, en tot verryking van die *CPD*-aanbod wat vir die breër kerklike gemeenskap, en in besonder vir die informele kerke, beskikbaar is.
- Die aanmoediging van Sinodes, Ringe en Gemeentes om steun te gee aan plaaslike programme vir die ontwikkeling van leiers in die informele kerke - byvoorbeeld as dosente, fasiliteerders, mentors, assesors, modereerders, evalueerders en /of toesighouers ("invigilators") in die plaaslike opleidingsprosesse.
- Verteenwoordiging van die NG-Kerk in ACRP se bestuurs- en konsultasieprosesse.
- Steun deur ACRP in prosesse om professionele erkenning van pastorale en geestelike berading binne die openbare en privaatsektor sektor te verkry.

6. TEN SLOTTE

ACRP se bestuur wil sy waardering uitpreek vir die samewerking wat oor die afgelope jare op vele maniere deur die NG Kerk verleen is ter ondersteuning van die proses wat tot die daarstelling van die SAQA-erkende professionele liggaam gelei het. Ons vertrou dat die goeie verhouding tussen die NG Kerk en ACRP wat tot hier bestaan het, verder geformaliseer en uitgebou sal kan word tot wedersydse voordeel van beide partye maar in besonder tot uitbouing van Kerk en Koninkryk in Suid-, Suider en sub-Sahara Afrika.